HOËRSKOOL RANDBURG

Algemene Oueromsendbrief nr. 06 van 2023

24 Oktober 2023

Geagte Ouers/Voogde

Na aanleiding van die Algemene Jaarvergadering wat plaasgevind het op 23 Oktober 2023, gee ons graag die volgende inligting aan u deur.

Die skoolgelde vir 2024 is vasgestel op R36 900.00 per leerder en is soos volg betaalbaar:

1. 'n Eerste paaiementbetaling, (R3 690.00) wat deel vorm van die skoolgelde vir 2024, is betaalbaar voor of op 30 November 2023.
2. Indien u die volle skoolgelde vir 2024 voor of op 31 Desember 2023 betaal, ontvang u 'n kontantafslag van R3 150.00.
3. Indien u die volle skoolgelde vir 2024 voor of op 29 Februarie 2024 betaal, ontvang u 'n kontantafslag van R2 000.00.
4. Skoolgelde is betaalbaar op die 1ste van elke maand in 10 gelyke paaiemente vanaf 1 Januarie tot 1 Oktober 2024. (Die betaling wat u in November 2023 lewer - vereffen 1 Januarie 2024 se skoolgeldpaaiement.)
5. Bankbesonderhede is soos volg: **Hoërskool Randburg; ABSA; Rek 170680065; Takkode 632005.**
6. EFT betalings (**Gr 8 – 11 van 2023**) gebruik asb die **SG/Familiekode/Van** as betalingsverwysing soos op die rekeningstaat. Indien u twyfel stuur e-pos aan debiteure@hsrandburg.co.za, mev. E. van Rooyen.
7. Indien u die skoolgelde per debietorder wil betaal, moet u 'n debietordermagtigingsvorm voltooi. Stuur 'n e-pos aan debiteure@hsrandburg.co.za en ons sal die vorm aan u stuur, of u kan dit afhaal by mev. E. van Rooyen in die Finansieskantoor.

Die volgende is ingesluit in die skoolgelde vir 2024:

- alle vereiste akademiese opleiding;
- vervoer na alle amptelike akademiese, sport- en kultuurekskursies binne 100km radius;
- weeklikse ekstra klasse soos geskeduleer;
- sport- en kultuurafrigting;
- naskoolsentrum;
- sentrum vir Akademiese Uitnemendheid (eerste sielkundige konsultasie);
- basiese sporttoerusting (spanverband);
- gratis Wi-Fi vir almal.

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
EPOS: hsrandb@global.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

Die volgende is uitgesluit in die skoolgelde vir 2024:

- skoolklere en sportdrag;
- handboeke en leermateriaal;
- verbruikersitems vir take;
- sosiale skoolfunksies;
- materiaal vir praktiese vakke;
- toer- en/of kamp- en kursusgelde;
- sakrekenaars en tekenapparaat;
- naskoolse individuele ekstra klasse – Let wel: groepsklasse is gratis;
- professionele afrigtersfooi – bo-en-behalwe normale afrigtingskoste vervat in begroting;
- langafstandvervoer – verder as 100km;
- persoonlike voorkeur sport-toerusting bv. krieketkolf, spykerskoene, ens.;
- persoonlike/individuele kondisionerings- en ontwikkelingsfooie. (Sport & Kultuur aktiwiteite.)

Aansoek om vermindering van skoolgelde kan in **Januarie 2024** gedoen word. Hierdie aansoeke sluit op **29 Februarie 2024.** Vorms moet persoonlik by die kantoor afgehaal word vanaf **1 Desember 2023** en ingehandig word vanaf **17 Januarie 2024** by mev. E. van Rooyen. Geen fakse of e-posse word aanvaar nie.

Vriendelike Randjiegroete



E. GOUWS
HOOF FINANSIES
E-pos: elbe.gouws@hsrandburg.co.za

P. BOOYSEN
HOOF